

16 November

Skrifgedeelte: Johannes 4:1-30

Fokusgedeelte: Johannes 4:6 (OAV)

Die groot DORS geles – deur menslike inspanning

In die verrassende ontmoeting met die Here word die mens nie uitgeskakel nie. Die Here gebruik die menslike beperktheid. Toe die Here Jesus op reis was deur Samaria, het Hy moeg geword en sommer by die waterfontein gaan sit. Hiermee tree die eg menslike in Jesus na vore. Juis die menslikheid om moeg te word, word die voorspel tot die ontmoeting van die sondares met die Verlosser!

Op hierdie ongewone uur van die dag, toe dit op die warmste was, kom die vrou alleen water skep. Gewoonlik het die vrouens saamgeloop in groepe wanneer dit nie so warm was nie. Hierdie vrou was egter 'n slegte vrou en waarskynlik is sy deur die ander vroue verstoot. Sy het behoefte aan water. Sy kom na die put, net om 'n dors man daar te vind.

Jode en Samaritane het nie met mekaar op sosiale vlak verkeer nie. Nou praat die hooghartige Jood met die veragte Samaritaan. Hy vra water. Jesus se dissipels het kos in die dorp gaan koop en heel waarskynlik het hulle die skepding saamgeneem.

Nee, dit is nie 'n hooghartige man nie. Dit is die Verlosser wat neerbuig na 'n sedelose vrou, met haar praat en Hom oor haar ontferm.

Hier omskep God die verleentheid van die mens wat moeg word en van die mens wat sondig, in 'n groot geleentheid vir Hom. 'n Verrassende ontmoeting is besig om te ontknoop!

Sing: Psalm 8:1 Ds G du Plessis (Emeritus)